

WAT OM TE DOEN NA 'N ONGELUK – saamgestel deur Bettie Barnard

1. Wat jy reeds NOU kan doen, aangesien niemand vooraf weet wanneer 'n ongeluk gaan plaasvind of hoe ernstig die gevolge daarvan gaan wees nie:

- 1) Stoor alle moontlike noodnommer's op jou foon en begin almal met SOS ... bv. SOS Ambulans, SOS Brandweer, SOS Polisie, SOS Hospitaal, SOS Dokter, SOS Versekering Padbystanddiens, SOS 'n naasbestaande. As jy in 'n skok toestand gaan, kan dit wees dat jy vergeet waaronder jy die telefoon nr's gestoor het of jy is dalk nie instaat wees om self te bel nie, en dan moet iemand anders 'n SOS oproep van jou foon kan maak.
- 2) Hou altyd 'n noodhulptassie, 'n flitslig en weerkaatsdriehoek in jou voertuig.
- 3) Sit 'n nota voor in jou voertuig se diensplan boekie, met jou naam en adres, versekeraar en polisnommer.

2. Direk na ongeluk:

- 1) Probeer kalm en nugter te dink. Skakel die motor af, ondersoek jouself en jou passasiers vir enige moontlike beserings
 - 2) Skakel noodligte aan en verwyder jou voertuig uit die pad van aankomende verkeer en lig 'n naasbestaande kortliks in van die ongeluk.
 - 3) As daar 'n ander voertuig betrokke is, stel vas of daar enige ernstige beserings is, wat dadelike aandag verg en skakel nooddienste, indien nodig.
 - 4) Indien iemand ernstig beseer of gedood is in die ongeluk, moet die Polisie dadelik daarvan in kennis gestel word en betrokkenes en die voertuie moet op toneel bly totdat die Polise opdaag om die toneel te ondersoek. Moet niemand beskuldig of skuld erken.
 - 5) Kry die besonderhede van die derde party se voertuig:
 - a) Voertuig Registrasienommer, die kleur en fabrikaat. Teken ook enige sigbare skade. Stel ook vas watter skade die voertuig opgedoen het.
 - b) Kry die name, ID nr, fisiese woonadres en telefoonnommer van die bestuurder, enige ooggetuies, sowel as die geregistreerde eienaar van die voertuig. Neem 'n foto van die bestuurder se bestuurslisensie (voorkant en agterkant) en maak seker dit is dieselfde persoon as op die foto.
 - c) As die derde party versekering op die voertuig het, kry die versekeraar se naam en polisnr voordat jy die toneel verlaat.
 - d) Neem foto's van beide voertuig se skade en enige iets wat moontlik 'n rol kon gespeel het in die rede/oorsaak vir die ongeluk.
 - 6) As niemand ernstig beseer of gedood is nie, gaan rapporteer die ongeluk en vra afskrif van ongeluksverslag. Skryf neer die SAPD beampte se rang, naam en telefoonnommer.
 - 7) Moenie jou voertuig deur enigeen laat wegsleep nie. Maak seker hy is op jou versekeraar se paneel deur die versekeraar se SOS nommer te skakel.
- ### 3. As alles rustig is, skakel jou makelaar/stuur 'n e-pos en verwittig hom/haar van die besonderhede van voorval, ongeag of jou voertuig skade het of nie. Alle eise moet binne 30dae gerapporteer word, wat gewoonlik die invul van 'n eisvorm en alle verwante dokumente insluit.